higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AANLEG EN TOERUSTING
NKR VLAK 2

(12030052)

8 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. ALLE tekeninge moet netjies en goed gebalanseer wees.
5. ALLE werk wat jy nie nagesien wil hê nie, moet duidelik deurgehaal word.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

Rewolusie het die manier waarop industrie en gemeenskap georganiseer was, verander. Dit het die basiese manier waarop werk gedoen was verander.

1.1.1 Steenkool het mense, water en diere as bron van krag om masjiene aan te dryf, vervang.

1.1.2 Masjinerie het menslike ambagte vervang.

1.1.3 Fabrieke het tuisgebaseerde ambagte vervang.

(3 × 1) (3)

1.2 Noem enige TWEE effekte van gereedskapmeganisasie in terme van vooruitgang en produktiwiteit. (2)
[5]

VRAAG 2

2.1 Daar is baie verskillende tipes gesondheids- en veiligheidswette en regulasies in die konstruksie-industrie. Verskillende tipes wette het verskillende doelstellings.

Noem TWEE hoofdoelstellings van die volgende wette.

2.1.1 Wet op die Kompensasie vir Beroepsbeserings en Siektes

2.1.2 Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid

(2 × 2) (4)

2.2 Noem enige VIER onveilige toestande wat tot 'n ongeluk in die werksplek mag lei. (4)

2.3 Kies die korrekte woord(e) van dié wat tussen hakies aangegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.3.1–2.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

'n Verklaring oor 'n veilige oprigtingsmetode, moet 2.3.1 ('n beskrywing/idees) van die algemene terrein- 2.3.2 (toestande/toleransies) insluit. Dit is belangrik vir konstruksiewerkers wat die terrein 2.3.3 (oprigting/inspeksies) moet uitvoer, om die algemene terreinomgewing te ken sodat hulle die nodige 2.3.4 (voorsorgmaatreëls/regulasies) kan tref/kan nakom ten einde ongelukke op terrein te voorkom. Daarom moet konstruksiewerkers wat die steierwerk moet oprig, weet watter tipes 2.3.5 (grond/materiaal) daar op terrein is ten einde hulle in staat te stel om die nodige aanpassings te maak wanneer hulle die steierwerk oprig. (5 × 1) (5)

2.4 Noem enige TWEE tipes persoonlike beskermende toerusting wat werkers mag gebruik om hulleself te beskerm terwyl hulle op hoogtes werk. (2)

[15]

VRAAG 3

3.1 Noem enige VIER simptome van skok as gevolg van bloedverlies. (4)

3.2 Noem die TWEE hooftipes frakture. (2)

3.3 Beskryf kortliks die volgende terme:

3.3.1 Hartversaking

3.3.2 Kunsmatige asemhaling

(2 × 2) (4)

3.4 Noem enige VYF noodinstellings/persone wat gedurende 'n noodgeval-situasie op 'n konstruksieterrein geskakel kan word. (5)

[15]

VRAAG 4

4.1 Noem die gebruik van elkeen van die volgende gereedskapstukke:

4.1.1 Kombinasietang

4.1.2 Voorloper (skaaf) ('Jack plane ')

4.1.3 Gekeepte troffel

4.1.4 Pypklamp/-skroef

4.1.5 Daghabord

4.1.6 Blokborsel/Spatkwas

4.1.7 Lugbelwaterpas

(7 × 1) (7)

4.2 Noem EEN kategorie van die vakgebied waarin elkeen van die volgende gereedskapstukke gebruik word:

4.2.1 Teëlsnyer

4.2.2 Kraspen

4.2.3 Hoektroffel

4.2.4 Houthamer

4.2.5 Bobbejaansleutel

4.2.6 Glassnyer

4.2.7 Voegskraper

(7 × 1) (7)

4.3 Gereedskap moet goed versorg en in 'n goeie toestand gehou word sodat hulle langer kan hou.

Noem EEN manier waarop die volgende gereedskapstukke skoongemaak word nadat hulle gebruik is:

4.3.1 Teëlsnyer

4.3.2 Sleutels ('Spanners')

4.3.3 Gewone troffel

4.3.4 Blokborsel/Spatkwas

4.3.5 Nutsmes ('Utility lock knife')

4.3.6 Lugbelwaterpas

4.3.7 Kloofsaag ('Rip saw')

(7 × 1) (7)

4.4 Noem enige SES reëls wat toegepas moet word om veiligheid te verseker wanneer 'n elektriese boormasjien gebruik word. (6)

4.5 Noem enige DRIE komponente/onderdele van 'n boormasjien (3)
[30]

VRAAG 5

5.1 Noem DRIE redes waarom so baie mense seerkry terwyl hulle 'n leer gebruik. (3)

5.2 Noem DRIE tipes lere wat algemeen in die bou-industrie gebruik word. (3)

5.3 Noem enige TWEE gevare van oorleun wanneer op 'n leer gewerk word. (2)

5.4 Noem TWEE komponente/onderdele wat ondersoek moet word voordat 'n trapleer gebruik word. (2)
[10]

VRAAG 6

6.1 Definieer die term *steierwerk.* (3)

6.2 Verduidelik kortliks die korrekte prosedure wat gevolg moet word wanneer boksteierwerk afgebreek word. (5)

6.3 Noem VIER punte wat oorweeg moet word om veiligheid te verseker voordat steierwerk opgerig word. (4)

6.4 Noem TWEE redes waarom voubare staal bouersbokke maklik vervoer kan word. (2)

6.5 Noem enige SEWE komponente/onderdele van 'n onafhanklike steier. (7)

6.6 Noem TWEE funksies van rolwiele op mobiele torings. (2)

6.7 Noem TWEE doelstellings van remme op wiel mobiele torings. (2)
[25]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou